



# My 2de Bybel Doen en Leer Boek

## Stories vertel deur Jesus



bybelgenootskap van suid-afrika

Leer om te lees en skryf!

geletterdheidsprogram 2

**My 2de Bybel Doen en Leer Boek**

Hierdie leesboek vir basiese geletterdheid is saamgestel deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en is gebaseer op die Doen-en-Leer-metode ontwikkel deur dr. Rose Botha van Ghoené Bemarking. Ons gee erkenning vir hulle intellektuele insette sowel as vir kunswerk wat goedgunstiglik deur Ghoené voorsien is waar nodig.

Eerste digitale uitgawe 2013
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2013

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 5500, Tygervallei, 7536 Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

eISBN 978-0-7982-1767-5

# Hoe om die leesboekie te gebruik

Kinders leer hulle omgewing ken deur te speel en deur al hulle sintuie te betrek. Hulle leer deur hulle oë, hande, gevoel, beweging en visuele assosiasie. Dit behels om na stories te luister, liedjies te sing, ritmes te klap, speletjies te speel sowel as ander tegnieke wat die sintuie betrek. Daardeur word hulle kort- en langtermyngeheue ontwikkel en versterk. Dit is belangrik om die aanwysings noukeurig te volg. Maak ook gebruik van die flitskaarte op die A3-middelblad om sinne te bou en woorde te leer. Wees kreatief en gebruik metodes wat vir jou werk.

Onthou: basiese vaardighede vir lees en skryf sluit in:

1. Klankleer d.m.v. handeling, aksie, prente, simbole, ens.
2. Om die klanke in woorde te identifiseer.
3. Om klanke aaneenlopend te sê om ŉ woord te vorm.
4. Om die vorm van letters te herken.
5. Om letters en woorde te skryf.

Die ikone (prentjies) hieronder help die **onderwyser/helper** om die instruksies in die boekie te volg.

 Onderwyser/helper lees en verduidelik.

 Leerders identifiseer en soek na woorde.

 Leerders skryf.

 Leerders herhaal woorde of beantwoord vrae.

 Leerders tel en klap lettergrepe.

 Leerders teken of kleur in.

 Leerders reageer met aksie of beweging.

 Leerders soek woorde of objekte.

 Leerders merk die korrekte antwoord.

*Hier volg ŉ metode vir ŉ paar voorbeelde van ŉ lesplan:*

## Les 1: Die verlore skaap

**Onderwyser/helper:** Wys na die twee prentjies met die woorde by die prentjies regs bo-aan die bladsy en sê: Hierdie woordjie sê: “skaap”. (Moet nooit vra: “Wat beteken hierdie woord?” nie.) Sê agter my aan: “skaap”. Die woordjie begin met “sk”. Laat hulle die beginklank ŉ paar keer sê. Beklemtoon die lang “aa”. Wys my hoe lyk ŉ skaap? (**Kinders** gee ŉ beskrywing, maak die geluid van die skaap na, ens.)

*Wys na die woord:* “skaapwagter”. Hierdie woordjie sê: “skaapwagter”. Wat doen ŉ skaapwagter?

*Demonstreer:* Wys ŉ skaapwagter aan wat die res van die “skape” op ŉ trop jaag.

*Verduidelik sigwoorde:* Hierdie woordjie sê: “kry”. Wat beteken “kry”?

Gee **leerders** geleentheid om te antwoord. En as jy iets “kry”, is jy “bly”. Demonstreer die woordjie “bly”. As julle na die twee woordjies kyk, wat sien julle wat dieselfde is? (Al twee het drie letters en al twee het ŉ lang “y”. Hulle klink dieselfde.) Verduidelik “verloor”. Gee hulle geleentheid om te gesels oor iets wat hulle verloor het, bv. ŉ troeteldier of iets wat vir hulle kosbaar is.

*Lees die storie:* Klap die getal 10 saam met hulle tot by 100. Vra: “Wie is bly?” (die skaapwagter). “Hoekom is hy bly?” (want hy het die verlore skaap gekry).

Soek die woord vir “skaap”. Sit jou vinger op die woord vir “skaap”. Hoeveel keer sien jy hierdie woord? Soek die woord vir “skape”. Hoeveel keer sien jy die woord “skape”? As daar meer skape is, is daar net een “a”. As daar net een skaap is, is daar twee “a’s”.

*Taalaktiwiteit:* Verduidelik die teenwoordige tyd (nou) en verlede tyd (klaar gebeur). Verdeel die klas in twee groepe: die "nou"-groep en die "klaar gebeur"-groep. Lees die voorbeelde en laat hulle dit herhaal. Wys met wysvinger af grond toe vir "nou" terwyl hulle uitroep "nou". Vir die verlede tyd laat hulle oor hulle skouers wys terwyl hulle die sinne herhaal.
*Aktiwiteit:* Voltooi die labarint en letters op die stippellyne. Leer hulle die liedjie "Swartskaap, swartskaap, het jy baie wol?"
*Bybeltyd:* Onderwyser/helper kan die verhaal uit die Bybel of Kinderbybel of die opsomming aan die einde van die les voorlees. Dis ook ŉ geleentheid vir gebed.
*Lees en skryf:* Voltooi die woorde op die stippellyne. As die letters te klein is, kan hulle in hulle skrifte werk. Laat hulle die letters in die lug skryf. As daar buite onderrig gegee word, kan die letters in die sand geskryf word.

## Les 2: Die verlore geldstuk

**Onderwyser/helper:** Hierdie woordjie sê: "geldstuk". Wat maak jy met ŉ geldstuk? Wys vir hulle ŉ geldstukkie. Wys na die prentjie van die lamp. Hierdie woordjie sê: "lamp". Sê agter my aan: lamp. Hoekom gebruik ŉ mens ŉ lamp? (Gee **kinders** geleentheid om te verduidelik.)
*Demonstreer/verduidelik sigwoorde:* roep en soek. **Kinders** demonstreer die woorde terwyl hulle die woorde herhaal. Op watter manier klink/lyk die woorde eenders? Watter woorde ken julle al van die vorige lessie? (bly/kry).
*Lees die storie:* Demonstreer prentjiewoorde met **leerders**. NB! Elke leerder moet die woord hardop sê en demonstreer. Wys met twee hande hoeveel is tien.
*Taaloefening:* Doen die meervoud- en verkleiningsoefening. Verdeel klas in drie groepe: "Groep een", "Groep meer as een" en "Kleingroep". Laat hulle in elke groep elke woordjie hardop sê. Vra aan elke groep met watter klank eindig elke woordjie, bv. huis eindig met "s", huise eindig met "e" en huisie eindig met "ie". (NB! Vra vir klanke, nie letters nie.)
*Kleur die prentjie in:* Wat sien jy in die prentjie?
*Skryfoefening:* Gaan eers hardop deur met **leerders**. (Beklemtoon gebruik van dubbele nie.) Voltooi die letters op die stippellyne.
*Bybeltyd:* Lees die storie en bid.

## Les 3: Die goeie skaapwagter

Wys na die prentjiewoord. Dit is ŉ wolf. Wys hoe lyk ŉ wolf terwyl julle die woord hardop sê (**kinders** maak ŉ wolf na). Is jy bang vir ŉ wolf? Dink jy ŉ wolf vang skape?
Hierdie woord sê: "hek". Demonstreer hoe ŉ hek oop- en toegemaak word terwyl **leerders** die woord herhaal. Het ons ŉ hek by die skool? Hoekom dink julle het ons een? (Gee **leerders** geleentheid om te antwoord.)
*Demonstreer/verduidelik sigwoorde:* volg en vang. Wys hoe "volg" ŉ mens. As ons in ŉ ry staan en julle stap agter die leier aan, beteken dit om te "volg" en as julle "wolf-wolf" speel, "vang" julle mekaar. (Demonstreer.) Met watter klank begin die twee woorde? (Klank die letter "v" en wys die "v" met twee vingers.)
*Lees die storie:* Laat **leerders** elke prentjiewoord herhaal en demonstreer. Wees kreatief.
*Taaloefening:* Demonstreer teenwoordige tyd en toekomende tyd. Verdeel klas in "nou"-groepie en "later"-groepie. "Nou"-groepie wys met die voorvinger grond toe terwyl "later"-groepie die hand bo die oë hou asof hulle in die toekoms kyk. Laat elke spannetjie die sinnetjies herhaal. Beklemtoon "sal".
*Aktiwiteit:* Soek die woorde in die blokkies.
*Bybeltyd:* Lees die Bybelverhaal en bid.
*Leestyd en skryftyd:* Lees die reël onderaan die bladsy. Voltooi die woorde op die stippellyne.
*Speeltyd:* Aan die einde van die les kan julle die speletjie "Wolf, wolf hoe laat is dit?" speel. Een kind is die wolf terwyl dié wat volg, uitroep: "Wolf, wolf hoe laat is dit?" Die wolf skree dan die tyd uit tot hy sê: "Etenstyd!" Dan draai hy om en probeer een vang wat dan weer die wolf word.

## Les 4: Die verlore seun

**Onderwyser/helper:** Wys na die prentjie van die pa en sê: Hierdie woordjie sê: "pa". **Leerders** sê die woord agterna. Hierdie woordjie sê: "broers". Herhaal en demonstreer. Wie van julle het ŉ broer? Is jy en jou broer goeie maats?

*Verduidelik sigwoorde:* seun, sien en soen. Watter klanke is dieselfde in hierdie drie woorde? Soms vat twee letters hande om verskillende klanke te maak. (Verwys na "Wenke vir onderwysers/helpers" agter in die boek.) Sit jou vinger op die klank en dan oefen ons om dit te sê: "eu", "oe", "ie". Tuit die lippe as jy "eu" en "oe" sê en glimlag as jy "ie" sê.

*Lees die storie:* Vra of een van hulle al weggeloop het van die huis af. Lees die verhaal en demonstreer elke prentjiewoord. Gee geleentheid vir dramatisering. Vra vrae oor die storie en laat die klas die dialoog uitbeeld. Wissel die rolle tussen die **leerders** sodat almal ŉ beurt kry.

*Taaloefening:* Verdeel klas in groepies: "nou" en "klaar gebeur". Laat elke groepie die sinnetjies herhaal. Let op die verskuiwing in woordorde.

*Aktiwiteit:* Volg die instruksies in die les.

*Lees- en skryftyd:* Lees die sinnetjie en voltooi die woorde op die stippellyne.

## Les 5: Wie moet ek help?

**Onderwyser/helper:** Sê woordprentjies hardop, verduidelik en laat **kinders** dit dramatiseer.

*Verduidelik sigwoorde:* stap, help en plek. Vra klas om woorde te demonstreer. Watter klank kry jy in elkeen van die drie woorde? (p).

*Lees die storie:* Vra: "Wat doen ŉ priester?" Laat **leerders** verduidelik. Verduidelik wat ŉ goeie naaste is. Laat **leerders** na die tyd in groepies die storie uitbeeld. Vra: "Wie is ons naaste?" (noem ŉ paar). "Moet ons mekaar help?", ens.

*Taaloefening:* Hoe vra ons vrae? Ons begin met woordjies soos "wie", "wat", "waar" en "hoe". Vra die vrae in die boekie aan die klas en laat hulle antwoord. Merk die regte antwoord in die blokkies. Verdeel die klas in die vra-groep en die antwoord-groep en laat hulle oor en weer die vrae vra.
Vul die regte antwoorde in.

*Aktiwiteit:* Voltooi die labarint.

*Lees en skryf:* Voltooi die letters op die stippellyne.

## Les 6: Doen altyd jou bes

**Onderwyser/helper:** Sê woordprentjies hardop, verduidelik en laat **kinders** dit dramatiseer.

*Verduidelik woordprentjies:* **Leerders** herhaal woorde en demonstreer indien moontlik. Hoe verdien ŉ mens geld? Wat doen die mense op die prentjie? (hulle werk). ŉ Mens werk vir jou geld.

*Verduidelik sigwoorde:* reis, ryk en kry. As jy op reis gaan, pak jy jou tas en gaan ver weg. Was een van julle al op reis? As jy "ryk" is, dan "kry" jy baie geld. Watter twee woorde het ŉ letter wat dieselfde lyk? (y).

*Lees die storie:* Verduidelik 1ste, 2de en 3de. Kies drie **leerders** en plaas hulle in ŉ ry. Gebruik hulle vir die hele les. Gee vir elkeen die regte hoeveelheid geldstukke, d.w.s. 5, 2 en 1. Doen die berekening saam met die klas.

*Taaloefening:* Verbind die sinne met "want" en "omdat". Let op woordorde.

## Nog idees vir geletterdheid

*Assosiasie:* Gebruik assosiasie om die geheue te prikkel, bv. rooi kruisie stel altyd ŉ negatief voor, die ogies in die dubbel "o", die water in "w" en die weerligstraal by woorde soos "vinnig" of "skielik", pyltjies dui rigting aan.

*Beginklanke:* Lê klem op die beginklanke voor die eerste medeklinker (a, e, i, o, u) bv. skaap, kry, priester.


*Bou woordmure:* Maak skoendose bymekaar, skryf woorde daarop en pak hulle teen die muur. Of plak flitskaarte van woorde wat gereeld gebruik word teen die muur. Laat **leerders** self die woorde uitkies.


*Flitskaarte:* Elke leerder het 'n bladsy met flitskaarte. Knip hulle uit en lamineer indien moontlik of plak op karton (van gebruikte kartondose). Bêre in 'n koevert of houer met elkeen se naam daarop. **Onderwyser/helper** moet flitskaarte soveel moontlik gebruik in die aanbieding van die lessies. Maak eie flitskaarte sonder prentjies om kennis te toets. Laat **leerders** gereeld hulle eie sinne bou met behulp van die flitskaarte.
*Gesamentlike groepe:* Plaas meer gevorderde **leerders** in groepe sodat hulle vir ander **leerders** in die groep kan voorlees. **Onderwyser/helper** beweeg dan tussen groepe om hulp te verleen.
*Gesamentlike/begeleide lees:* Lees woord vir woord met **leerders**. Klank woordjies saam met hulle. Gesels oor elke prentjie sodat hulle kan verstaan wat die woord beteken. Bou op bestaande kennis. Gebruik jou vinger of 'n wysstok sodat hulle maklik kan volg.
*Gesyferdheid:* Laat **leerders** die aantal reëls in 'n storie tel; klap al die getalle in die lesse uit, bv. die hoeveelheid skape, geldstukke, wyse jongmeisies, ens. Vra wat is die eerste, of derde of laaste woordjie in 'n reël, ens.
*Herhaling van bekende woorde:* Herhaal bekende woorde of woorde wat baie gebruik word om **leerders** te help om hulle op sig te herken en te gebruik, bv. “sien”, “sit”, “maak”, ens.
*Klap lettergrepe:* Deel langer woorde op in lettergrepe (dele) en klap op elke deel, bv. Mam-ma; ba-ba, ens.
*Kleur in/merk woorde met kleur:* Kies woorde met dieselfde klanke soos “dag/nag”, “duif/muis/uit”.
*“Lees” die omgewing:* Maak **leerders** bewus van skrif en letters rondom hulle soos straatname, koerantopskrifte, advertensies, ens.
*Luisteroefening:* Lees 'n stukkie uit die Bybel voor oor die betrokke les. Laat **leerders** dan in hulle eie woorde vertel wat jy gelees het.
*Oorvertel van verhale:* Gee **leerders** 'n kans om die verhale in hul eie woorde oor te vertel.
*Sigwoorde:* Woorde word nie altyd uitgespreek soos hulle geskryf word nie, veral in Afrikaans veroorsaak die lang klanke (dubbele medeklinkers wat verander na enkelmedeklinkers in die meervoud) soms verwarring. **Leerders** moet woorde met tweeklanke (“eu”, “ui”, ens.) en drieklanke (“eeu”, “ooi” en “oei”) op sig leer ken deur herhaling.
*Sing:* As daar 'n liedjie is wat pas by die les, laat die **leerders** dit sing en demonstreer.
*Skryf in die lug:* Voordat **leerders** in hulle boeke skryf, “skryf” die letter of woord in die lug. Staan met jou rug na die klas wanneer jy demonstreer.
*Spanwerk:* Gee geleentheid vir groepswerk en maak seker dat dit binne 'n sekere tyd voltooi word. Beloon wenspanne.
*Speel raai-raai (charades):* **Leerders** beeld verhale, karakters of woorde uit sonder om te praat. Die ander moet dan raai wat hulle uitbeeld, bv. die goeie herder, die verlore seun, of emosies soos gelukkig of hartseer.
*Teken:* Laat hulle die stories of van die karakters of 'n voorwerp in 'n verhaal teken.
*Teloefeninge:* Vra: “Hoeveel lyntjies/reëltjies het hierdie storie?”, “Wat is die eerste/tweede/laaste woordjie in die lyntjie of die storie?”
*Toets hulle kennis:* Gee die verkeerde feite in 'n storie, bv. “Daar was 6 wyse meisies.” Die **leerders** moet dan die onderwyser/helper reghelp.
*Trek woorde na:* **Leerders** trek letters in die leesboekie na met hulle vingers. As hulle buite onderrig kry, kan hulle dit in die sand skryf.
*Voltooi letters:* **Leerders** wat sukkel om die letters of woorde te voltooi, kan maar net die letters inkleur.
*Vra vrae:* Vra gereeld vrae met “Wanneer?”, “Hoe?”, “Waar?” en “Hoekom?”
Woordsoek: Vra: “Wat is die tweede woord in reël 4?”, “Watter woord in reël 3 begin met 'n sekere letter, bv. “r”?” Dit is belangrik om letterklanke te kan onderskei, bv. “s”, “k”, “r”, ens.



NB Onthou! Moenie haastig wees nie! As iets te moeilik is vir die vlak van die klas, moet dit nie forseer nie. Laat leerders toe om te doen waartoe hulle in staat is. Konsentreer op wat hulle kan regkry! Dit is belangrik om 'n liefde vir lees en skryf aan te kweek. En onthou, hulle leer deur pret en gebed!

# 1. Die verlore skaap




Kyk Doen Sê : kry / bly /my

Teenwoordige tyd en verlede tyd

| Nou / vandag | Gister / toe |
|---|---|
| Vandag los hy sy skape. | Gister het hy sy skape gelos. |
| Nou soek hy. | Toe het hy gesoek. |
| Nou kry hy sy skaap. | Later het hy sy skaap gekry. |
| Nou roep hy sy vriende. | Toe het hy sy vriende geroep. |

Jesus het gesê: 'n Skaapwagter het 100 skape en verloor een van sy skape.

10 20 30 40 50 60 70 80 90 100


Wat maak hy toe? Hy los die 99 skape in die veld en soek die skaap wat weg is.


Toe roep hy al sy vriende en sê:



Ek is so bly! Ek het my verlore skaap gekry. Wees saam met my bly.


Help die skaapwagter om sy skaap te kry!




Lukas 15:4-7


Dit is net so in die hemel. Daar is meer blydskap oor een sondaar wat gekry is as oor 99 wat nie weggeraak het nie.


Voltooi die letters op die stippellyne:

Die skaapwagter soek sy skaap.

# 2. Die verlore geldstuk





Kyk Doen Sê : roep / soek

'n Arm vrou het tien silwer geldstukke maar sy verloor een van hulle.

Sy steek 'n lamp op en vee haar huis uit.

Sy soek oral totdat sy dit kry.

Toe roep sy al haar vriende en sê:




Ek is so bly. Ek het my verlore geldstuk gekry. Kom ons wees almal bly.

Enkelvoud, meervoud, verkleining

| Een | Meer as een | Klein |
|---|---|---|
| huis | huise | huisie |
| wolf | wolwe | wolfie |
| lamp | lampe | lampie |
| geldstuk | geldstukke | geldstukkie |

Kleur die vorms met kolletjies in om die verlore geldstuk te kry:




Lukas 15:8-10

Waar is die geldstuk? Vul die regte woordjie in:

Is die geldstuk in die kas?

Nee, die geldstuk is nie _ _ die kas nie.

Is die geldstuk bo-op die kas?

Nee, die geldstuk is nie bo-op die kas _ _ _ .

Is die geldstuk onder die kas?


Ja, die geldstuk is _ _ _ _ _ _ die kas.

Voltooi die letters op die stippellyne:

Soek en jy sal kry.

# 3. Die goeie skaapwagter




Kyk Doen Sê : volg / vang

Teenwoordige tyd / Toekomende tyd

| Nou / vandag | Môre / later |
| --- | --- |
| Vandag volg die skape hom. | Môre sal die skape hom volg. |
| Hy kom deur die hek. | Hy sal deur die hek kom. |
| Nou kyk hy na sy skape. | Later sal hy na sy skape kyk. |
| Nou ken hulle sy stem. | Later sal hulle sy stem ken. |

Jesus het gesê:


Die man wat nie deur die hek van die kraal kom nie, is 'n dief en 'n rower. Die man wat deur die hek kom, is die skaapwagter.

Die skape ken sy stem. Hulle sal hom volg. Hulle sal niemand anders volg nie. Hulle sal weghardloop.

'n Slegte skaapwagter gee nie om vir die skape nie. Hy sal weghardloop wanneer die wolf kom. Die wolf sal die skape vang. Jesus het ook gesê:



Ek is die goeie skaapwagter. Ek ken my skape en hulle ken my. Ek sal my lewe gee vir my skape.



Johannes 10:1-16

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| h | s | k | a | a | p | x |
| o | l | v | c | h | e | k |
| v | e | r | l | o | o | r |
| w | g | o | e | i | e | a |
| z | t | x | t | w | k | a |
| k | e | n | n | o | m | l |
| q | z | v | o | l | g | x |
| m | a | n | r | f | t | b |

Aktiwiteit:

Soek die woorde en trek 'n sirkel om elkeen.


Dwars: volg, verloor, skaap, man, ken, hek, goeie, volg


Af: wolf, slegte, kraal

Voltooi die letters op die stippellyne:

Ek ken my skape.

# 4. Die verlore seun





Kyk Doen Sê : seun / sien /soen

Teenwoordige tyd en verlede tyd

| Nou / vandag | Lank terug / gister |
|---|---|
| 'n Pa het twee seuns. | 'n Pa het twee seuns gehad. |
| Sy pa gee vir hom geld. | Sy pa het vir hom geld gegee. |
| Hy mors al sy geld. | Hy het al sy geld gemors. |
| Sy pa sien hom van ver af. | Sy pa het hom van ver af gesien. |


'n Ryk man het twee seuns gehad.
Toe sê een seun vir sy pa: Pa, gee my al my geld. Ek wil weggaan.
Sy pa gee toe vir hom sy geld en hy gaan ver weg na 'n vreemde land. Daar het hy al sy geld uitgemors op 'n slegte lewe.
Later het hy niks meer kos nie.

Hy was so honger dat hy die varke se kos wou eet. Hy sê toe vir die boer:



Ek is so honger! Gee my asseblief van die varke se kos.

Nee, daardie kos is vir varke, nie vir mense nie!



Toe huil hy en sê:



My pa het baie werkers met genoeg kos om te eet, maar ek het niks. Ek sal huis toe gaan en vir my pa sê:
Ek is jammer, Pa. Ek was verkeerd. Jy hoef my nie jou seun te noem nie. Ek sal soos een van jou werkers wees.

Toe gaan hy terug na sy pa toe. Sy pa het hom van ver af sien aankom. Hy hardloop na sy seun toe en soen hom.

Ek is jammer, Pa, ek was verkeerd. Ek sal op die plaas werk soos een van die werkers.



Sy pa gee vir hom nuwe klere, 'n ring en die beste kos. Toe sy broer dit sien, was hy baie kwaad.




Ek werk so hard en wat kry ek? Niks! My broer het al sy geld uitgemors op 'n slegte lewe. Wat kry hy? 'n Ring! Nuwe klere! Die beste kos!

Toe sê die pa:

Hoekom is jy so kwaad? Jy is altyd by my. Maar jou broer was verlore en nou is hy gevind. Wees saam met my bly.





Lukas 15:11-32

God is net so bly wanneer ons ons pad terugvind na hom.

Verander een woord in elke sin om te wys dit het klaar gebeur.

Hy gaan na sy pa toe. Hy het na sy pa toe __ __ __ __ __ __ .

Sy pa soen hom. Sy pa het hom __ __ __ __ __ __.

Sy broer sien dit. Sy broer het alles __ __ __ __ __ __.

## Aktiwiteit: My gesin


- Teken jou gesin of die een wat jy die liefste het.
- Maak 'n poppegesin. Gebruik toiletrolle, gom, kryte, wol, stukkies gekleurde papier en tydskrifte of koerante om gesigte uit te knip. Teken of plak 'n gesig op elke rol en trek hulle aan met gekleurde papier of teken klere met kryt. Gebruik wol of strokies papier vir hare. Gee vir elkeen 'n naam.




Voltooi die letters op die stippellyne:

Die pa sien sy seun
en soen hom.

# 5. Wie moet ek help?







Kyk Doen Sê : stap / help / plek

Hoe om vrae te vra:

| Wie, wat, waar, hoe? | Antwoord: |
|---|---|
| Waar stap die man? | Die man stap in die pad. |
| Wie val die man aan? | Rowers val die man aan. |
| Wat het die priester gedoen? | Die priester het verby gestap. |
| Wie het die man gehelp? | Die vreemdeling het hom gehelp. |

'n Man het van een dorp na 'n ander gestap. Op pad val rowers hom aan. Hulle het hom geslaan en langs die pad laat lê. 'n Priester stap in die pad af. Hy sien die man maar help hom nie.

Hy is vol bloed. Hy sal my hande vuil maak.



’n Werker by die tempel stap ook in die pad af. Hy sien die man maar help hom ook nie.




Dit is nie my werk om hom te help nie.

Toe stap daar ’n vreemdeling in die pad af. Toe hy die man sien, het hy hom baie jammer gekry.



Ag, die arme man! Ek moet hom help.

Hy was die man se wonde en tel hom op sy donkie. Toe neem hy hom na ’n skuiling toe. “Sorg asseblief vir hierdie man.”
Hy betaal toe die baas van die skuiling om die man te versorg. Jesus vra toe: “Wie was die naaste van hierdie man?” Die mense sê: “Die vreemdeling wat hom gehelp het.”
Jesus sê toe:
“Gaan maak julle ook so.”



Lukas 10:30-37

## Merk die regte blokkie:

Wie is deur die rowers aangeval?

☐ 'n priester ☐ 'n man ☐ 'n vreemdeling



Waar het hulle hom gelos?

☐ in 'n huis ☐ langs die pad




Wie het verby hom geloop?

☐ 'n vreemdeling ☐ 'n werker by die tempel



Wie het hom gehelp?

☐ 'n priester ☐ 'n vreemdeling



Waarheen het hy hom geneem?


☐ na die tempel ☐ na 'n skuiling

## Hoe om vrae te vra:



| Vul die regte woord in: | wie / wat / waarheen |
|---|---|
| 'n Man het dorp toe gestap. | _ _ _ het dorp toe gestap? |
| Rowers het hom aangeval. | _ _ _ het die rowers gedoen? |
| Die vreemdeling help hom. | _ _ _ het die man gehelp? |
| Hy neem hom na 'n skuiling. | _ _ _ _ heen neem hy hom? |
| Hy is 'n goeie naaste. | _ _ _ was 'n goeie naaste? |

Help die vreemdeling om die gewonde man te kry en hom na 'n veilige plek te neem.



Voltooi die letters op die stippellyne:

Help altyd ander.

# 6. Doen altyd jou bes

Gg



geldstukke

Ww



werkers

Kyk Doen Sê : reis / ryk / kry

Maak twee sinne een

| Verbind twee sinne met "en", "want" en "omdat" |
|---|
| Hy werk hard en verdien meer geldstukke. |
| Hy het sy geld verdubbel, want hy werk hard. |
| !! Met "omdat" kom die doenwoordjie aan die einde van die sin: |
| Hy het sy geld weggesteek omdat hy lui was. |

Daar was 'n ryk man wat op reis gegaan het. Hy roep toe al sy werkers en gee vir elkeen goue geldstukke. Vir die 1 eerste een gee hy 5 goue geldstukke. Vir die 2 tweede een gee hy 2 goue geldstukke. Vir die 3 derde een gee hy 1 goue geldstuk.

Voltooi die afkortings op die stippellyne:

| 1ste | 2de | 3de |
|---|---|---|
| eerste | tweede | derde |

Die werker wat 5 geldstukke gekry het, het baie hard gewerk. Hy het nog 5 geldstukke verdien.

5 + 5 =

Die werker wat 2 geldstukke gekry het, het nog 2 geldstukke verdien.

2 + 2 =

Die werker wat 1 geldstuk gekry het, het dit in die grond begrawe. Hy het geen geldstukke verdien nie.


1 + 0 =

Toe die baas terugkom, vra hy:
"Wat het julle met die geldstukke gemaak?"
Die eerste een sê: "Meneer, jy het vir my 5 geldstukke gegee en ek het nog 5 verdien."
"Mooi so! Ek sal jou beloon."

Die tweede een sê: “Meneer, jy het vir my 2 geldstukke gegee en ek het nog twee verdien.” “Mooi so! Ek sal jou beloon.”

Toe vra hy die derde een wat net een geldstuk gekry het: “Wat het jy met die een geldstuk gemaak?” Hy antwoord toe: “Ek weet Meneer is ’n kwaai baas. Ek was bang, toe begrawe ek my geldstuk.”

“Jou lui slaaf! Ek sal jou geldstuk wegvat en dit aan die een gee wat 5 geldstukke gekry het.”


Matteus 25:14-28

Elkeen wat sy bes doen, sal meer kry. Die wat lui is, sal die bietjie wat hulle het, ook verloor.

Verbind die twee sinnetjies:

Ek sal jou beloon. Jy werk hard.

Ek sal jou beloon, want jy _ _ _ _   _ _ _ _ .

Ek sal jou beloon omdat jy _ _ _ _   ge_ _ _ _   _ _ _ .

Voltooi die antwoorde op die volgende vrae:

Wat sal die baas doen met die werker wat 2 geldstukke gekry het? Die baas ___ hom b_____n.

Wat sal die baas doen met die werker wat 1 geldstuk gekry het? Die baas sal sy geldstuk w__vat.

Wat sal met die een gebeur wat die meeste gekry het? Hy sal nog m__r k__.

Verbind die syfers en die woorde:


| | | | |
|---|---|---|---|
| • | 1 | een | vier |
| •• | 2 | twee | vyf |
| ••• | 3 | drie | nege |
| •••• | 4 | vier | ses |
| ••••• | 5 | vyf | tien |
| •••••• | 6 | ses | drie |
| ••••••• | 7 | sewe | agt |
| •••••••• | 8 | agt | een |
| ••••••••• | 9 | nege | sewe |
| •••••••••• | 10 | tien | twee |

Voltooi die woorde op die stippellyne:

Doen altyd jou beste.

# 7. Saai die saad

Dd



dorings

Oo



onkruid

Kyk Doen Sê : groei / goeie

Soek en kleur die doenwoorde in:


| Nou | Lank terug |
|---|---|
| Elke jaar saai die saaier. | Laas week het hy gesaai. |
| Nou val die saadjies. | Gister het die saadjies geval. |
| Nou pik die voëls die saad op. | Die voëls het die saad opgepik. |
| Elke jaar groei die saad. | Laas jaar het die saad gegroei. |

'n Saaier het uitgegaan en saad gesaai. Van die saad het op die pad geval. Die voëls het gekom en die saadjies opgepik. Van die saad het op die klipgrond geval. Van die saadjies het begin groei, maar hulle het nie water gekry nie en het gou verdroog. Van die saad het tussen die onkruid en dorings geval.

Daar was nie plek vir die nuwe plantjies om te groei nie. Die res van die saad het op goeie grond geval. Die plantjies het gegroei en gegroei. Hulle het 100 keer meer saad gegee as wat die saaier gesaai het.


Verbind die getalle met die regte woorde:

10 20 30 40 50 60 70 80 90 100




twintig vyftig dertig negentig sewentig

veertig tien honderd tagtig sestig

Toe sê Jesus: Die saad is God se boodskap. Die saad wat op die pad geval het, is die mense wat die boodskap hoor, maar dit gou vergeet.

Die saad wat op die klipgrond geval het, is die mense wat die boodskap hoor, maar daarvan vergeet as dinge verkeerd loop.
Die saad wat tussen die onkruid en dorings geval het, is die mense wat die boodskap hoor maar te besig is met ander dinge. Die boodskap groei nie in hulle harte nie.
Die saad wat op die goeie grond geval het, is die mense wat die boodskap hoor en in hulle harte laat groei. Hulle gee meer saad.



Matteus 13:1-9, 18-23

Wat het eerste gebeur?
Plaas die saadjies in die regte volgorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| | Van die saad het tussen onkruid en dorings geval. | | Van die saad het op die klipgrond geval. |
| | Van die saad het op die goeie grond geval. | 1 | Van die saad het op die pad geval. |

Kom ons gesels: Maak jou eie tuintjie in jou hart. Watter saad kan jy plant? (Gesels oor idees soos "liefde", "vriendelikheid", "waarheid", ens.)

Kleur die prentjie in:





Aktiwiteit: Plant saadjies in leë blikkies, polistireen-bakkies, ens. Wys die leerders hoe om die grond voor te berei, saadjies te plant en nat te gooi. Hierdie is 'n langtermynprojek wat hulle sal herinner aan wat hulle geleer het. Laat elke kind sy plantjie 'n naam gee soos "liefde", ens.

Voltooi die woorde op die stippellyn:

## Saad gr_ _ _ in g_ _ _e grond.


# 8. Goeie bome dra goeie vrugte

Vv



vrugte

Bb



boom

Kyk Doen Sê : goed / goeie / sleg / slegte


Hoe antwoord ek 'n vraag?

Ja + doenwoord / Nee + doenwoord + nie

| Vraag (?) | Antwoord |
|---|---|
| Dra slegte bome goeie vrugte? | Nee, hulle dra nie goeie vrugte nie. |
| Dra goeie bome goeie vrugte? | Ja, hulle dra goeie vrugte. |
| Kan slegte mense goeie vrugte dra? | Nee, hulle kan nie. |

Eendag sê Jesus: 'n Goeie boom dra goeie vrugte. En 'n slegte boom dra slegte vrugte. Elke boom dra sy eie vrugte. Vye groei nie aan bosse nie en druiwe groei nie aan doringbome nie.

'n Goeie mens bring goeie dinge uit sy hart uit. 'n Slegte mens bring slegte dinge uit sy hart uit.



Lukas 6:43-45

Vul die regte woorde in om die antwoorde te voltooi:

Dra 'n goeie boom goeie vrugte?

_ _ , 'n goeie boom _ _ _ goeie vrugte.

Groei druiwe aan 'n doringbos?

_ _ _ , druiwe groei _ _ _ aan 'n doringbos _ _ _ .

Groei vye aan 'n vyeboom?

_ _ , vye groei aan 'n vyeboom.


Kan 'n slegte boom goeie vrugte dra?

_ _ _ , 'n slegte boom dra _ _ _ _ _ _ vrugte.

Jesus het ook gesê:

Daar was 'n man wat 'n vyeboom in sy tuin gehad het. Eendag soek hy vir vye aan die boom. Daar was geen vye nie. Hy sê toe vir sy tuinier: "Ek het nog nooit vye aan hierdie boom gekry nie. Kap hom af!"

Maar die tuinier sê: "Gee hom nog een jaar. As hy ~~nie~~ volgende jaar vrugte dra ~~nie~~, kan ons hom afkap."



Lukas 13:6-9

Kom ons gesels:

1. Dink jy die boom moet afgekap word?
2. Watter soort vrugte dra jy? (Gesels oor vrugte soos bv. liefde, eerlikheid, vriendelikheid, harde werk, ens.)

Leer hierdie!

| | |
|---|---|
| Die boom is goed. | Dit is 'n goeie boom. |
| Die vrugte is sleg. | Dit is slegte vrugte. |
| Die appel is rond. | Dis'n ronde appel. |
| Die man is wys. | Dis 'n wyse man. |


Teken die vrugte in die blokkies en kleur hulle in.
Skryf dan die name van die vrugte op die stippellyne:

| | |
|---|---|
| vye | druiwe |
| _ _ _ | _ _ _ _ _ _ |

Soek die vye. Hoeveel vye is daar?

Teken die boom klaar deur die nommers te verbind.


Kleur die boom in.





Voltooi die woorde op die stippellyne:

God gee ons kans om
te verander.

# 9. Bou jou huis op 'n rots




Kyk Doen Sê : wind / reën

Leer hierdie!

| Een | Meer as een | Klein |
|---|---|---|
| rots | rotse | rotsie |
| huis | huise | huisie |
| wind | winde | windjie |

Die koninkryk van God is soos 'n wyse man wat sy huis op 'n rots gebou het. Hy het diep gegrawe en 'n sterk fondasie gelê. Toe die reën kom en die wind waai, het sy huis bly staan. Maar as 'n mens my woorde hoor en ~~nie~~ doen wat ek sê ~~nie~~, is hy soos iemand wat sy huis op die sand bou. Wanneer die reën kom en die wind waai, val daardie huis inmekaar.




Verskillende aktiwiteite:

1. Gesels oor verskillende soorte huise, bv. tente, hutte, opslaanhuise of steenhuise. Wat maak 'n huis 'n veilige tuiste?

2. Bou 'n huis van afvalmateriaal soos karton-, eier- of skoendose, plastiek, ens. Jy benodig gom, skêre, kryt, ens.



Sing die liedjie met die aksies wat daarmee saamgaan:


Matteus 7:24-27

**Die huis op die rots**

Die wyse man bou sy huis op die rots. (3x)
En die reën kom stromend neer.
Die reën die val, en die water styg (3x)
Maar die huis op die rots staan vas.
Die dwase man bou sy huis op die sand. (3x)
Die reën kom stromend neer.
Die reën die val en die water styg. (3x)
En die huis op die sand val neer.
Bou jou huis op Jesus die Heer (3x)
En die seëninge daal dan neer.

Afrikaanse verwerking:
Attie van der Colf. FAK Sangbundel © 2012




Voltooi die woorde op die stippellyne:

Bou jou huis op 'n rots!

# 10. Tien jong meisies




Kyk Doen Sê : wys / dwaas



Jesus het die verhaal vertel van die 10 jong meisies wat vir die bruidegom gewag het. Hulle het hulle lampies geneem en gewag. Vyf meisies het ~~nie~~ genoeg olie vir hulle lampies gebring nie. Hulle was baie dwaas. Vyf meisies het genoeg olie vir hulle lampies gebring. Hulle was baie wys. Dit het baie laat geword en die meisies het aan die slaap geraak. Teen middernag hoor hulle: "Die bruidegom is hier. Kom groet hom!"


Die tien jong meisies steek hulle lampies op. Die vyf dwase meisies sê: "Ag nee! Ons lampies gaan dood! Gee ons van julle olie!"



Nee, ons het nie genoeg vir ons en julle nie. Gaan winkel toe en koop vir julle olie.

Die vyf dwase meisies gaan koop toe olie. Toe kom die bruidegom. Die vyf wyse meisies het na die troue toe gegaan en die deure is gesluit. Later kom die vyf dwase meisies terug. Hulle klop aan die deur en roep: "Maak oop vir ons!"

"Nee, ons ken julle nie!" sê die bruidegom. "Gaan weg!"



Matteus 25:1-13

"Wees altyd gereed. Julle weet nie watter dag en uur die Here kom nie."

## Hoe laat is dit?



Hoe laat is dit?

Dit is _ _ _ uur.



Tien jong meisies wag vir die bruidegom.

Hoe laat is dit?

Dit is _ _ _ _ minute oor _ _ _ .

Het die bruidegom al gekom?

Nee, hy _ _ _ nog nie _ _ _ _ _ nie.



Die meisies word moeg en raak aan die slaap.

Hoe laat is dit?

Dit is _ _ _ uur.



Hoe laat het die bruidegom gekom?

Hy het _ _ _ _ _ _ uur gekom.

Was die vyf dwase meisies betyds vir die bruilof?

Nee, hulle was l _ _ t vir die bruilof.

## Aktiwiteit:

Maak 'n horlosie met wysers wat kan beweeg. Beweeg die wysers op verskillende tye en sê die tye hardop.

Demonstreer elke reëltjie van die rympie.

Klap die syfers en sê dit hardop. Voltooi die woordjies en leer die rympie uit jou kop uit:

## Telrympie

| | |
|---|---|
| Een hartjie om vir God te gee. | _ _ n |
| Twee voetjies volg hom elke tree. | tw_ _ |
| Drie vier, | _ _ ie |
| God woon hier! | h_ _ r |
| Vier vyf, | _ y_ |
| Ek kan skryf! | sk_ _ f |
| Ses sewe, | _ _ w_ |
| Jesus lewe! | l_ _ _ |
| Sewe ag(t), | _ _ t |
| Hy is by my dag en nag. | d_ _ |
| Nege kom voor tien, | _ ie_ |
| Soveel vingers om God te dien! | d_ _ n |

Voltooi die woorde op die stippellyne:

# Wees wakker wanneer jy wag.

# Wenke vir onderwysers/helpers

## Letterpare (2 letters)

Sommige letters vat hande om ander klanke te maak:

Sê die volgende klanke en woorde:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| eu | ou | ui | oe | ie | ei |
| deur | hout | huis | soek | sien | klein |

Voltooi die woorde:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| se_ n | jo_ | v_ il | ro_ p | pri_ ster | l_ i |
| kl_ ur | w_ ud | hu_ l | s_ en | vr_ end | re_ n |
| d_ _ r | g_ _ | l_ _ | br_ _ r | t_ _ n | m_ _ sie |

## Letterpare (3 letters)

Sommige letters staan drie-drie in 'n ry om klanke te maak:

Sê die volgende klanke en woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| ooi | eeu | oei | aai |
| mooi | leeu | groei | saai |

Voltooi die woorde:

| | | | |
|---|---|---|---|
| g_ _ i | skr_ _ u | k_ _ i | kw_ _ i |

Soek nog woorde met dieselfde klanke in die werkboek.

## Lang klanke en kort klanke ('a')

| | | | |
|---|---|---|---|
| Soms is een "a" kort soos in: | appel | hart | lamp |
| Soms is een "a" lank soos in: | base | sade | hare |
| Soek nog 'n paar: | _ _ _ _ | _ _ _ _ | _ _ _ _ |
| Twee "aa"s is altyd lank: | maak | skaap | saad |
| Twee "aa"s word een "a" in die meervoud: | | 10 skape | 20 sade |

## Lang klanke en kort klanke ('e')

| | | | |
|---|---|---|---|
| Soms is een "e" kort soos in: | bed | net | het |
| Soms is een "e" lank soos in: | sewe | hemel | klere |
| Twee "ee"s is altyd lank: | gee | been | peer |
| Twee "ee"s word een "e" in die meervoud: | | 2 bene | 20 pere |
| Soek nog 'n paar: | _______ | _______ | _______ |

Soms dra die "e" 'n kappie soos in sê en skêr.

## Lang klanke en kort klanke ('o')

| | | | |
|---|---|---|---|
| Soms is een "o" kort soos in: | kop | dorp | grond |
| Soms is een "o" lank soos in: | doring | olie | verlore |
| Twee "oo"s is altyd lank: | hoor | boom | oor |
| Twee "oo"s word een "o" in die meervoud: | | 5 bome | 2 ore |

## Basiese verkleinwoorde

| t+(jie) | d+(jie) | m, p en s+(ie) |
|---|---|---|
| plant > plantjie | woord > woordjie | boom > boompie |
| kryt > krytjie | saad > saadjie | lamp > lampie |
| hart > hartjie | kind > kindjie | skaap > skapie |
| voet > voetjie | hand > handjie | huis > huisie |

*** Nog verkleinwoordjies: hekkie, stukkie, lippie, klippie

## Teenoorgesteldes

| | | | |
|---|---|---|---|
| bly | hartseer | lui | fluks |
| goed | sleg | kort | lank |
| wys | dwaas | vroeg | laat |

## Teloefening

Wat is die volgende nommer? Tel elke keer dieselfde nommer by.

Voltooi die volgende syferreeks met behulp van die syferreeks hieronder:

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10 11 12 13 14 15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25

1 3 5 ☐ ☐ ☐☐ ☐☐ ☐☐ ☐☐ 19

In hierdie reeks is daar 'n verskil van 2 tussen elke nommer.

2 4 6 ☐ ☐☐ ☐☐ ☐☐ ☐☐ ☐☐ 20

In hierdie reeks is daar 'n verskil van __ tussen elke nommer.

2 5 8 ☐☐ 14 ☐☐ ☐☐ ☐☐

In hierdie reeks is daar 'n verskil van __ tussen elke nommer.

Tel 4, 5 of 6 op jou eie by.



My 2de Bybel Doen en Leer Boek is die volgende vlak in ons Bybelgebaseerde geletterdheidsreeks. Hierdie boekie bied onderrig in basiese sowel as bybelse geletterdheid deur middel van die verhale wat Jesus oor die koninkryk van God vertel het. Dit is gebaseer op die Doen-en-Leer-metode wat leerders met al hulle sintuie aktief in die leerproses betrek. Onderrig word vergemaklik deur die gebruik van kleurvolle illustrasies, ikone, flitskaarte en aktiwiteite soos lees, skryf, gesyferdheid, teken en sang. Hierdie boekie met 40 bladsye sluit in 'n handleiding vir opvoeders, handige wenke en flitskaarte.








ISBN 978-0-7982-1767-5

Versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
www.bybelgenootskap.co.za